Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 04 • JULY / AUGUST 2021



## COVER CROPS AND NEMATODE MANAGEMENT: TOLERANCE TO *MELOIDOGYNE ENTEROLOBII*

## WES-VRYSTAATSE KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP BULTFONTEIN

Pesticide maximum residue limits and market access

Tendense op varsproduktemarkte

PSA small grower development programme in Limpopo

# Oos-Vrystaatse dorpie gons tydens sestiende aartappelgholfdag

Deur Santa Bronkhorst, Aartappels Suid-Afrika-streeksekretaresse, Oos-Vrystaat




*Aartappels SA se span bestaande uit (van links) Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van ASA, Bartho Smith, Johan van Rooyen en Wessel du Randt.*

Die jaarlikse Petrus Steyn Aartappelgholfdag het op 14 Mei 2021 weer by JH Malherbe Primêre Skool plaasgevind. Tagtig gholfspelers, waaronder aartappelprodusente van die Oos-Vrystaat, markagente en insetverskaffers (kunsmis- en gewasbeskermingsprodukte asook moerhandelaars) het in 'n lekker gees teen mekaar meegeding.

Daar was groot opgewondenheid onder die deelnemers toe die eerste afslaan in die vierbal met 'n American Scramble- en beste-balkompetisie deur die spanne van Vrystaat Petroleum, gevolg deur Subtropico en die ouditeursfirma Enslins, afgeskop is. Die aartappelgholfdag is vanjaar vir die sestiende agtereenvolgende jaar met groot sukses aangebied.

Die trofee vir naaste aan die pen is aan Ernest Stark van BASF toegeken, en die verste dryf is deur Evert Bean van RSA Group gewen. John Mentz, 'n aartappelprodusent van die omgewing en CJ van Vuuren van Willards, het onderskeidelik 'n kruiwa en 'n blesbok met lootjieverkope gewen.



*Van links is Phindiwe Nkosi van ASA, saam met skoliere Jane Janse van Rensburg, Raaysha Islam, Qulene van Schalkwyk, Nkhensani Sithole van ASA, en die skoolhoof van JH Malherbe Primêre Skool, Bokkie Bosman.*

Die Omnia-span het vanjaar met die wisseltrofee weggestap en die Subtropico-span was in die tweede plek. Aartappels Suid-Afrika (ASA) se span bestaande uit Willie Jacobs, Wessel du Randt, Johan van Rooyen en Bartho Smith, het onder meer van die beste voorgeë gelewer.

## 'n Woord van dank aan rolspelers

Tydens die prysuitdelingseremonie het Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van ASA, die organiseerders en almal wie by die reëlings betrokke was, hartlik bedank. Hy het ook Bokkie Bosman, die hoof van JH Malherbe Primêre Skool, sowel as die onderwysers en leerlinge gelukgewens met die aanbied van 'n puik geleentheid.

Jacobs het verduidelik dat die aartappelbedryf 'n groot bydrae tot die voedselketting maak en baie gesinne van kos voorsien. Hy het die aartappelprodusente vir hul bydrae tot die groei van die land se ekonomie geloof, en waardering vir hul volgehoue produksie van aartappels uitgespreek.

Hy het ook verwys na die bemarkingsprojekte wat tans bestuur word om die veelsydigheid van aartappels onder die publiek te bevorder.

Pieter Meiring, beheerliggaam-voorsitter van JH Malherbe, het lede van die gholfdagkomitee




bedank vir hul harde werk en puik reëlings. Talle skoolouers was betrokke by die dag en is ook hartlik bedank. Borge is bedank vir hul bydraes en aangemoedig om by die jaarlikse geleentheid betrokke te bly. ASA het met trots as een van die borge vir die dag gedien, met baniere op die eerste bof, pamflette met nuwe resepte wat uitgedeel is, en die teenwoordigheid van personeel in die Oos-Vrystaat.

Dank en waardering is spesifiek aan Santa Bronkhorst, ASA se streeksekretaresse in die Oos-Vrystaat, uitgespreek. Diegene wat nog nie met Santa te doen gehad het nie, mis uit op die aartappelbedryf!

Oos-Vrystaatse aartappelprodusente, markagente en moerprodusente – selfs vanuit die Sandveld – het entoesiasties deel gevorm van die dag en só die dag se volhoubare sukses van die afgelope 16 jaar verseker. Alle fondse en skenkings wat tydens die byeenkoms ingevorder word, is ten bate van die JH Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn.

Fondse word aangewend vir die ontwikkeling en opleiding van alle leerlinge. Sportvelde word in stand gehou en rekenaartegnologie word aangepas om leerlinge behoorlik toe te rus. Die skool bestaan uit ongeveer 150 leerlinge van graad 1 tot 7. Die skool is amptelik op 1 Mei 1996 ingewy en presteer puik op akademiese, sport- en kultuurvlak. Dit is voorwaar 'n voorreg om deel te wees van so 'n waardevolle stukkie platteland!

Vir meer inligting, kontak Santa Bronkhorst by epos santa@potatoes.co.za.




First Potato Dynamics
Groep>Group

MARKIES SOUND HERTHA

*"FPD markets potato cultivars with characteristics that are in very high demand. Our cultivars develop a chain of advantages for all involved – from the farmer producing the potato to the final consumer."*

CONTACT US:

**Theuns** 082 775 1787 • **Morkel** 079 884 9341
admin@fpd.co.za • www.fpd.co.za

AGENTS OF:

AGRICO
Meijer Seed Potato Ltd FOR SURE